

GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

Kleuter- en Laerskool

Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x1
e-posadres: gsdp@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.dirkpostma.co.za



Hoërskool

Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x2
e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.dirkpostma.co.za

INFO: 31 JANUARIE 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Die skooljaar is weer op dreef en die vakansie lang vergete.

Daar word tans by die skool hard gewerk, geleer en gespeel. Ons is in die middel van die atletiekseisoen. Die reën het dit vir ons 'n uitdaging gemaak, maar ons is dankbaar vir elke druppel reën wat ons ontvang.

Kontrakteurs is tans by GSDP besig met die aanlê van nuwe netwerkkabels. Ons vra by voorbaat om verskoning vir die toestand van die skoolterrein, maar na afloop van die konstruksiewerk sal ons 'n nuwe telefoon- en netwerksisteen hê.

Ons spog met dankbaarheid oor ons nuwe rekenaarsentrum. Die afgelope jare het ons van AROS se toerusting gebruik gemaak. Ons het die tegnologie vernuwe en ons sentrum aangepas, sodat dit binne die volgende twee weke gereed is vir gebruik.

Parkering op die kerkterrein van die GK Die Kandelaar: Die parkering op die kerkterrein van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar is tans 'n groot uitdaging, aangesien daar daagliks baie voertuie op die terrein parkeer.

Let asseblief op die volgende:

- ▣ AROS-personeel parkeer hul voertuie teen die muur aan die suidekant (naaste aan die Roomse Kerk);
- ▣ GSDP-personeel parkeer hul voertuie op die noordelike parkeerry, naaste aan die kerkgebou.
- ▣ Ouers parkeer met op- en aflaai van hul kind(ers) in die middelste parkeerry.

Parkeer asseblief tussen die aangeduide padmerke. Indien die parkeerterrein vol is, moet u asseblief nie "dubbel" parkeer nie - wag dan buite die kerkterrein vir u kind(ers).

Ons versoek asseblief dat u geduld sal betoon met die parkering. Indien u enige ander voorstelle het of sien dat dit nie die probleem oplos nie, kontak my gerus persoonlik.

Soli deo gloria

Dirkie-groete

Mnr HJJ Visser
Skoolhoof

BEPLANNER: 31 JANUARIE - 20 MAART 2020

JANUARIE			
Vr	31 Jan	GSDP	Info
		Laerskool	Verkoping: Gr 7-geskenk (leerlinge)
		Hoërskool	Atletiek te Tuine Tegnies
FEBRUARIE			
Ma	3 Feb	Laerskool	Redenaars
Wo	5 Feb	DirkiesKoop	Produkte haal
Do	6 Feb	Laerskool	Atletiek (aflos) te Eduplex
Vr	7 Feb	Hoërskool	Atletiek te Hans Strijdom
		Laerskool	Atletiek te Balmoral
		Laerskool	Verkoping: Biblioteek
Sa	8 Feb	Hoërskool	Warmbad-dag
Ma	10 Feb	Laerskool	Toetsreeks begin
Di	12 Feb	Laerskool	Netbalkursus: o/10- tot o/13-netbaldogters
Do	13 Feb	Kleuterskool	Kenmekaar-kuier
Vr	14 Feb	GSDP	Info
		Laerskool	Verkoping: Kleuterskool
Di	19 Feb	DirkiesKoop	Bestellings oop
Vr	21 Feb	Hoërskool	Spanbou
		Laerskool	Verkoping: Gr 7-afskeid (ouerkomitee)
Sa	22 Feb	Laerskool	ICO-byeenkoms te Pietersburg
		Hoërskool	Spanbou
Wo	26 Feb	DirkiesKoop	Bestellings sluit
Vr	28 Feb	GSDP	Info
		Laerskool	Verkoping: Veldskool 2020
MAART			
Ma	2 Maart	Laerskool	Fotografieklub begin
		Laerskool	Inkleurklub begin
Wo	4 Maart	Hoërskool	PerfectLife Loopbaanskou
		DirkiesKoop	Produkte haal
Do	5 Maart	Laerskool	Oupa- en ouma-tee
Vr	6 Maart	Laerskool	Verkoping: Gold Reef City 2020
Di	10 Maart	Laerskool	Fotodag
Vr	13 Maart	GSDP	Info
		Laerskool	Verkoping: Gr 7-fonds
Sa	14 Maart	Kleuterskool	Werkdag
Ma	16 Maart	Laerskool	Veldskool: Gr 7-leerlinge vertrek
Di	17 Maart	Laerskool	Pa- en seunaand
Do	19 Maart	Laerskool	Gr 1 - gr 3: Oueraand
		Laerskool	Verkoping: Netbal
Vr	20 Maart	GSDP	Skool sluit
Di	31 Maart	GSDP	Skool open

ALGEMEEN

VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan mev Michelle Harenberg wat op 18 Februarie verjaar. Ons bede is dat die Here u nog baie geseënde jare sal skenk.

PERSONEEL: LIEF EN LEED

Baie sterkte aan mev Michelle le Roux (Engels - laerskool) met die herstelpad na u knie-operasie.

BERG-PRETLOOP - 10 AUGUSTUS 2020

Die wedloop vind plaas op DV Maandag, 10 Augustus 2020. Mnr Hendrik Mattheus is aan stuur van sake vir die dag. Indien daar ouers, familie of vriende is wat hierby betrokke wil wees, skakel asseblief die skoolkantore met u besonderhede. Hierdie dag kan alleen 'n sukses wees as almal hierby betrokke raak. Noteer solank die datum in u dagboek.

HOËRSKOOL

ALGEMEEN

Baie dankie aan elke ouer wat soveel moeite met hul kind(ers) doen: boeke oortrek, ditjies en datjies gaan koop, atletiekbyeenkomste bywoon, hulp met voorbereiding van konserte, ensovoorts. Ons waardeer dit opreg.

Inligtingsaand: Baie dankie vir elkeen se bywoning van die inligtingsaand. U het afge-lope week 'n skrywe ontvang met belangrike inligting wat die aand bespeek was.

Belangrike datums (soos deurgegee in die skrywe):

- Akademie: Die hoërskool se toetsreeks het reeds begin. Dit voel dalk vroeg, maar dit is die enigste manier hoe ons al die keusevakke kan inpas.
- Handboeke en skrifte: Alle handboeke en skrifte moet teen hierdie tyd oorgetrek wees.

SPORT EN KULTUUR

Atletiek:

→ Maragon: Ons eerste atletiekbyeenkoms, wat op 24 Januarie te Maragon sou plaas-vind, het ongelukkig uitgereg. Die onderlinge skole is tans besig om 'n byeenkoms te reël. Die tentatiewe datum is Vrydag, 21 Februarie. U ontvang binnekort meer inligting.

→ Hoërskool Hans Strijdom: Die Warmbad-byeenkoms, op Vrydag, 7 Februarie, is dus nie ons laaste atletiekbyeenkoms van die seisoen nie. Die leerlinge moet asseblief aan-hou oefen.

Belangrike datums:

Vrydag, 31 Januarie	Atletiek te Tuine Tegnies - gr 8 - gr 12
Vrydag, 7 Februarie	Atletiek te Hans Strijdom - gr 8 - gr 12
Saterdag, 8 Februarie	Warmbad-uitstappie - gr 8 - gr 12
Vrydag, 21 Februarie	Atletiek te Maragon - gr 8 - gr 12

Hans Strijdom- & Warmbad-uitstappie: Ons herinner u daaraan dat daar vir u, as ouers, koste verbonde is aan hierdie uitstappie. Die leerlinge het reeds 'n skrywe hieroor ontvang. Voltooi die antwoordbrief en stuur dit asseblief terug skool toe.

Rugby en netbal: Die leerlinge ontvang binnekort meer inligting oor die rugby en netbal. GSDP is besig om die reëlings te finaliseer.

DirkiesHengel: Ons begin hierdie jaar met DirkiesHengel onder leiding van mnr Jaco Pretorius. Ons sien uit na "luilekker harde werk, visvang en sonroom". Die leerlinge het reeds 'n skrywe ontvang. Besorg die voltooide antwoordbrief terug aan die skool.

DirkiesHengeldatums:

Saterdag, 4 April

Saterdag, 23 Mei

Saterdag, 22 Augustus

Saterdag, 17 Oktober

LAERSKOOL

ALGEMEEN

Pa- en seun(s)aand: Op Dinsdag, 17 Maart vind ons jaarlikse pa- en seun(s)aand plaas. Noteer asseblief die datum in u dagboek. Ons is besig met die beplanning hieromtrent en kommunikeer meer inligting binnekort met u.

TOETSROOSTER

Die toetsreeks begin op Dinsdag, 18 Februarie. Die leerlinge moet asseblief die tyd benut om te beplan en voor te berei vir die toetsreeks. Die gr 4-leerlinge se ouers moet asseblief aan hul kind(ers) hulp verleen. Elke gr 4- tot gr 7-leerling ontvang vandag die toetsrooster. Ons plaas dit vervolgens vir u aandag.

TOETSROOSTER: Februarie / Maart 2020

	GR 4	GR 5	GR 6	GR 7
Dinsdag, 18 Feb	Bybelonderrig	Bybelonderrig	Bybelonderrig	Bybelonderrig
Donderdag, 20 Feb	SW	SW	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis
Vrydag, 21 Feb	-	-	-	EBW (per 5)
Dinsdag, 25 Feb	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde
Donderdag, 27 Feb	Nat & Tegn	Nat & Tegn	Nat & Tegn	NW
Vrydag, 28 Feb	-	-	-	Tegnologie (per 2)
Dinsdag, 3 Maart	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
Donderdag, 5 Maart	LO	LO	LO	LO
Vrydag, 6 Maart	Engels	Engels	Engels	Engels
Dinsdag, 10 Maart	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	SW	SW

INLIGTINGSAADE

Baie dankie aan elke ouer wat die inligtingsaande bygewoon het. Ons waardeer u belangstelling en opoffering.

VELDSKOOI

Die gr 7-leerlinge vertrek op Maandag, 16 Maart op veldskool te Hartbeeshoek. U het reeds skrywes oor die bedrag van die veldskool, ensovoorts ontvang. Alle veldskoolgeld moet teen Vrydag, 7 Maart inbetaal wees. Elke gr 7-leerling ontvang binnekort 'n skrywe wat die uitstaande bedrag vir die veldskool aandui, asook die finale reëlings.

SPORT

Atletiek: Baie dankie aan al die atlete wat so getrou die oefeninge bywoon en aan byeenkomste deelneem. Dit is lekker om te sien hoe elke atleet sy / haar beste gee en dit geniet. Ons bedank ook elke toeskouer vir u getroue ondersteuning.

Komende atletiekbyeenkomste:

Donderdag, 6 Februarie: Aflosbyeenkoms te Eduplex

Vrydag, 7 Februarie: Uitnodigingsbyeenkoms te Laerskool Balmoral

Saterdag, 22 Februarie: ICO-uitnodigingsbyeenkoms te Pietersburg

Die atlete ontvang, sodra die finale inligting ontvang is, meer inligting.

Netbal: Die netbalseisoen is om die draai. Ouers, sussies of tannies wat belangstel om netbal af te rig of wat kan help as skeidsregter, kontak asseblief vir mej Mart-Mari Malan per e-pos (gsdp@gsdp.org.za) met u besonderhede.

Netbalkursus: Mev Melinda de Goede bied op Woensdag, 12 Februarie (14:30 - 17:00) 'n netbalkursus vir alle o/10- tot o/13-netbaldogters aan. Die netbaldogters ontvang binnekort meer inligting.

Mareli Marx-sportdag: Hierdie sportdag vind plaas op Dinsdag, 25 Februarie te Laerskool Queenswood. Ons stuur alle nodige inligting aan u, sodra ons dit ontvang.

Rugby: Die rugbyseisoen begin binnekort. Ons voorsien die rugbyspelers van 'n skrywe, sodra die atletiekseisoen aan 'n einde kom. Indien u kan help met afrigting, kontak asseblief mnr Erik Visser (erik.visser@gsdp.org.za).

KULTUUR

DirkiesHengel: Ons begin hierdie jaar met DirkiesHengel onder leiding van mnr Jaco Pretorius. Die laerskoolleerlinge ontvang volgende week 'n skrywe met meer inligting.

Dagboek asseblief die volgende datums:

Saterdag, 4 April

Saterdag, 23 Mei

Saterdag, 22 Augustus

Saterdag, 17 Oktober

REDENAARS

Op Maandag, 3 Februarie (vanaf 14:00) is dit die groot dag! Ons sien nou al baie daarna uit om ons eie redenaars te hoor praat. Dit vind plaas in lokaal D5 (juffrou Riekie Smit se klas). Die deelnemers ontvang binnekort meer inligting.

Belangrike datums vir alle belangstellendes:

Saterdag, 15 Februarie: Sluitingsdatum vir ATKV-inskrywings

Vrydag, 17 April: ATKV-kompetisie

HEKTYE

Codonialaan: Hektye vanaf Maandag tot Vrydag:

Open: 06:45 Sluit: 07:40

Open: 12:45 Sluit: 14:10

Indien u u kind(ers) voor 06:45 by die skool aflaa, is die enigste toegang tot die perseel via Cunninghamlaan. Leerlinge wat laat is, gebruik die hek te Cunninghamlaan en meld by die kantoor aan.

Ons versoek dat ouers nie op die kerkerrein "kuier" nie. Die hekwag het opdrag om die hek om 14:10 te sluit.

OUPA- EN OUMA-TEE

Ons beplan vir Donderdag, 5 Maart (10:00 - 11:00) 'n oupa- en ouma-tee vir ALLE oupa's en ouma's van GSDP. Dagboek asseblief hierdie datum. Ons stuur binnekort die uitnodiging.

KLEUTERSKOOL

INLIGTINGSAAND

Baie dankie aan al die ouers wat die inligtingsaand bygewoon het. Ons waardeer u belangstelling.

ARBEIDSTERAPIE



Arbeidsterapiedienste beskikbaar
by die Gereformeerde Skool Dirk Postma

- * VOLLEDIGE EVALUASIE (SENSORIES, GROOT- + FYNMOTORIES, PERSEPSIE)
- * WEEKLIKSE TERAPIESESSIES (30 MIN /45 MIN)
- * GROEPTERAPIESESSIES
- * TUISPROGRAMME
- * OUBEGELEIDING
- * SKOOLGEREEDHEIDTOETSING



Kontakbesonderhede:

Marjolein de Wit

Tel: 076-920-1870

E-pos: medewitOT@gmail.com

WISKUNDEHULP

Gr 4- tot gr 7-leerlinge

Vir 'n beter BEGRIP, 'n hoër
PRESTASIE en 'n PASSIE vir
Wiskunde

Waar: Aangebied te GSDP

Wanneer: Dinsdae, Woensdae en
Donderdae

Tyd: 14:00 - 16:00

Kontak: Marianne Bron

w/a: 082-302-0 119

Epos: mbron374@gmail.com



Januarie 2020

Vakature

**NASORGSENTRUM
HULP MET HUISWERK - GR 1 & GR 2
Ure: Maandag tot Vrydag - 14:00 - 16:00
&
sommige skoolvakansies**

Aanstellingsdatum: So gou as moontlik

Indien u deel wil wees van 'n gelowige, gemotiveerde en entoesiastiese span van \pm 50 personelede en indien u glo in onderwys vanuit God se Woord, wat hand-aan-hand loop met hoë akademiese standaarde, verneem ons graag van u.

Minimum vereistes: Die kandidaat moet:

- **lidmaat wees van 'n kerk in die GKSA- of VGKSA-kerkverband.**
- gereformeerd wees in leer en lewe.
- vlot Afrikaans magtig wees.

Aansoek: Indien u aan bogenoemde vereistes voldoen, voorsien ons van:

- 'n Volledige Curriculum Vitae in Afrikaans;
- 'n Getuigskrif vanaf u huidige predikant;
- 'n Motiveringsbrief wat beskryf waarom u uself as geskik ag vir die pos;
- Ten minste twee verwysings van vorige werkgewers.

Handig bogenoemde in teen DV Vrydag, 7 Februarie 2020 aan een van die volgende:

- Per e-pos: gsdp@gsdp.org.za
- Per harde kopie: Laerskoolkantoor: Cunninghamlaan 1182, Waverley, Pretoria

Navrae: Per e-pos: erik.visser@gsdp.org.za

Indien u, nadat u aansoek ingedien is, niks van ons verneem nie, moet u asseblief aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma is 'n onafhanklike, gereformeerde skool in Waverley, Pretoria, met \pm 400 leerlinge in die kleuter-, laer- en hoërskool.

Mnr HJJ Visser
Skoolhoof

NB: GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.